



# **TOERISME**

## **GRAAD 11**

### **HERSIENINGSVRAE ANTWOORDE**

#### **KWARTAAL 2**

## **ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS**

### **INHOUD:**

- DIE UNIEKHEID VAN SUID-AFRIKAANSE KULTURE**
  - SUID-AFRIKAANSE ERFENISLIGGAME**

Al die antwoorde in hierdie dokument is uit vorige ECDoE provinsiale eksamenvraestelle verkry.

**ONDERWERP: KULTUUR EN ERFENIS****INHOUD: DIE UNIEKHEID VAN SUID-AFRIKAANSE  
KULTURE****NOV 2014 EC****VRAAG 3**

- 3.3 3.3.1 Kralewerk✓  
Kleipotte✓  
Mandjies✓  
• Geweefde matte  
• Beeldhoutwerk  
• Tradisionele kleredrag  
• Tradisionele wapens (Enige 3 x 1) (3)
- 3.3.2 Mielies✓  
• Bone (1)
- 3.3.3 Die tradisionele geloof, gebruik, mites en stories van die gemeenskap wat deur mondelinge oorvertelling van nageslag tot nageslag oorgedra word. ✓✓ (2)
- 3.3.4 Die Khaya La Bantu Xhosa Kultuurdorpie bied 'n unieke kulturele ervaring wat kan dien as motivering vir plaaslike reis aan. ✓✓  
• Die Khaya La Bantu Xhosa Kultuurdorpie laat die plaaslike toeriste op 'n prettige en ontspanne wyse die Xhosakultuur ervaar. (Enige 1 x 2) (2)

**NOV 2015 EC**  
**VRAAG 5**

- 5.1 5.1.1 Xhosa ✓ (1)
- 5.1.2 Inisiasie✓  
 • ‘Ulwaluko’  
 • Besnyding (Enige 1) (1)
- 5.1.3 Die bruidegom se familie gee beeste aan die bruid se familie as vergoeding en verbintenis tot eenwording/huwelik. ✓✓ (2)
- 5.1.4 (a) Grahamstad✓ (1)
- (b) Junie✓  
 • Julie (1)
- (c) Dit is een van die beste maniere om die besonderse kulturele diversiteit van Suid-Afrika te ontdek. ✓✓  
 • Dit is een van die oudste kuns-, handwerk/kunsvlyt- en vermaaklikheidsfeeste in Suid-Afrika.  
 • Dit is een van die toonaangewende/bekende kulturele toerisme gebeure in Suid-Afrika.  
 • Dit is Afrika se grootste kulturele fees.  
 • Die fees is ‘n kleurryke en multi-kulturele gebeurtenis.  
 • By die fees is daar baie handwerk/kunsvlytmarkte, kostalletjies en kunsoptredes en vertonings. (Enige 1 x 2) (2)
- 5.1.5 Kulturele uniekheid beteken dat die kulturele ervaring eie is aan ‘n gebied en kan nêrens anders ervaar word nie. ✓✓ (2)

**NOV 2016 EC**  
**VRAAG 5**

- 5.1 5.1.1 Kleredrag ✓ / tradisionele klere  
 Sang ✓ / musiek  
 Dans ✓ (3 x 1) (3)
- 5.1.2 Kulturele uniekheid beteken dat die kulturele ervaring eie is aan ‘n gebied en nêrens anders ervaar kan word nie. ✓✓ (2)
- 5.1.3 Dit bied aan internasionale toeriste die geleentheid om deel te neem aan ‘n kulturele aktiwiteit wat hulle dalk nooit van tevore ervaar het nie. ✓✓  
 Die aktiwiteit sal inkomende en plaaslike toeriste toelaat om te leer hoe ander kulture hulself uitleef deur dromspel. ✓✓  
 • Internasionale en plaaslike toeriste sal die belangrikheid van dromspel as ‘n tradisionele vorm van viering van kultuur verstaan.  
 • Trom spel is ‘n genotvolle en kreatiewe kulturele aktiwiteit. (Enige 2 x 2) (4)

**NOV 2017 EC**  
**VRAAG 5**

- 5.1    5.1.1 (a) Die kulturele ervaring wat gebied word is eie aan die gebied en kan nêrens anders ervaar word nie. ✓✓ (2)
- (b) Daar is 'n wye verskeidenheid kulturele ervarings wat gebied word. ✓✓ (2)
- 5.1.2 Xhosa ✓✓ (2)
- 5.1.3 Vroueklere sluit klere met helder kleure in soos oranje, groen, rooi en wit met omboorsel en krale wat saam met 'n romp gedra word. ✓✓ Die hooftooisel is 'n kleurvolle gevlegde tulbandhoed. Die Xhosa is bekend vir hulle pragtige kralewerk wat 'n belangrike deel uitmaak van die vrouens se tradisionele drag. ✓✓
- Vrouens dra lang halssnoer gemaak van krale, met 'n kraag gemaak van veelkleurige krale om die nek asook arm- en enkelbande gemaak van krale.
  - Volgens tradisie toon die vrouens se klere en ornamente die verskillende stadiums van hulle lewens.
  - Xhosamans dra gewoonlik 'n bedekking om hulle middel en 'n kort diervel-mantel oor die skouers. Soms word die mantel met 'n kombers vervang. Xhosamans het tradisioneel diervel sandale gedra.
  - Tydens inisiasie smeer Xhosa seuns hulle liggamo wit en dra 'n kombers of skaapvel vir beskerming teen kwaad.

**LET WEL:** Aanvaar enige ander gepaste antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

**NOV 2018 EC**  
**VRAAG 5**

- 5.1 5.1.1 (a) Umngqusho (mielies en bone) ✓  
 Xhosa brood✓  
 • Umpokoqho (mieliepap met suurmelk)  
 • Isopho (koringsop)  
 • Imithwane (pampoenblaar en botter mengsel)  
 • Ilaxa (pampoenblaar met vars gekookte pampoen)  
 • Beesvleis, skaapvleis en bokvleis  
 • Umqombothi (sorgumbier) (Enige 2 x 1) (2)
- (b) Kralewerk✓  
 Tradisionele klere✓  
 • Arm en enkelbande  
 • Kleipotte  
 • Mandjies  
 • Geweefde matte  
 • Hout beeldhouwerk  
 • Tradisionele wapens (Enige 2 x 1) (2)
- (c) Die kulturele ervaring wat gebied word is eie aan die gebied en kan nêrens anders ervaar word nie. ✓✓ (2)
- 5.1.2 Die toer bied aan toeriste oorspronklike en onvergeetlike ervarings deur interaksie met plaaslike dorpenaars. ✓✓  
 Dit bied 'n prettige en amusante manier vir inkomende toeriste om die Xhosa kultuur te geniet. ✓✓  
 • Dit laat toeriste toe om die Xhosa kultuur en leefwyse te ervaar en om hulle kos en gebruikte te ontdek. (Enige 2 x 2) (4)

**NOV 2019 EC**  
**VRAAG 5**

- 5.1 5.1.1 (a) Stampmielies✓  
 Bone✓ (2 x 1) (2)
- (b) Tradisionele geneser✓✓  
 • Sangoma  
 • Kruiedokter (ixhwele) (2)
- (c) Beeste is deel van die gebruik, lobola ✓✓ waarby die man die familie van sy verloofde kompenseer omdat hy met haar trou, deur beeste te gee. ✓✓ (2 x 2) (4)
- 5.1.2 Die verskillende aspekte van die Xhosa-kultuur sal 'n oorspronklike toerisme-ervaring bied. ✓✓  
 Dit maak toeriste nuuskierig oor die leefwyse van die Xhosa mense. ✓✓  
 • Dit maak toeriste nuuskierig oor die gebruikte en tradisies van die Xhosa-mense. (2 x 2) (4)

## INHOUD: SUID-AFRIKAANSE ERFENISLIGGAME

### NOV 2014 EC

#### VRAAG 4

- 4.1    4.1.1 SAERA – Die Suid-Afrikaanse Erfenis- en Hulpbronagentskap✓✓      (2)
- 4.1.2 Beskerm Suid-Afrika se kulturele erfenis✓✓
  - Verskaf inligting en opleiding aan Suid-Afrikaners om erfenisbronne te help identifiseer.
  - ‘n Inligtingsdatabasis van die nasionale besit by te hou.
 (Enige 1 x 2)      (2)
- 4.1.3 Navigasie-instrumente✓
   
Breekware✓
  - Gereedskap
  - Klere
  - Juweliersware
  - Muntstukke
  - Medisynbottels
 (Enige 2 x 1)      (2)
- 4.1.4 Dit is onwettig om dele van ‘n skeepswrakterrein, ouer as 60 jaar, te verwijder of te steur sonder ‘n permit van SAERA.✓✓
  - Die vrag van ou skeepswrakke mag nie na die oppervlakte gebring word sonder SAERA se toestemming nie.
  - SAERA hou deeglik rekord van enige onderwater-herwinningsprojekte.
  - SAERA verseker dat versamelings artefakte van skeepswrakke gelys word, bewaar word en in museums uitgestal word.
 (Enige 1 x 2)      (2)

### NOV 2015 EC

#### VRAAG 5

- 5.2    5.2.1 Suid-Afrikaanse Erfenisbronne Agentskap✓✓      (2)
- 5.2.2 Bewaar Suid-Afrika se kulturele erfenis✓✓
   
Die opvoeding en opleiding van Suid-Afrikaners om te help met die identifisering van erfenisbronne. ✓✓
  - Om ‘n databasis instand te hou ten opsigte van ons nasionale skatte.
 (Enige 2 x 2)      (4)
- 5.2.3 Dit is ‘n baie ou tradisie en vorm van kuns.✓
   
Dit kan nooit herstel of vervang word nie✓
  - Dit is deel van die geskiedenis en kultuur van die inheemse Sanmense.
 (Enige 2 x 1)      (2)

**NOV 2016 EC  
VRAAG 5**

- 5.2 5.2.1 Suid-Afrikaanse Erfenisbronre Agentskap ✓✓ (2)
- 5.2.2 Bewaar Suid-Afrika se kulturele erfenis ✓✓
- Die opvoeding en opleiding van Suid-Afrikaners om te help met die identifisering van erfenisbronre.
  - Om 'n databasis in stand te hou ten opsigte van ons nasionale skatte / besit. (Enige 1 x 2) (2)
- 5.2.3 Die grafte vorm deel van Suid-Afrika se erfenis. ✓✓  
Die grafte moet vir die nageslag bewaar word. ✓✓
- Die grafte is simboliese herinneringe van ons ontstuimige geskeidenis.
  - Die grafte herdenk die werklikheid van die verlies van lewens tydens konflik. (Enige 2 x 2) (4)

**NOV 2017 EC  
VRAAG 5**

- 5.2 5.2.1 Suid-Afrikaanse Erfenisbronre Agentskap ✓✓ (2)
- 5.2.2 SAEHA beskerm Suid-Afrika se kulturele erfenis. ✓✓ Dit voed en lei Suid-Afrikaners op om erfenisbronre te help identifiseer. ✓✓ Nog 'n taak van SAEHA is om 'n databasis van inligting oor die nasionale besit te hou. ✓✓ (3 x 2) (6)
- 5.2.3 Die strukture kan van kulturele belang wees of kan van spesiale waarde wees vir die huidige gemeenskap of toekomstige generasies. ✓✓ (2)

**NOV 2018 EC****VRAAG 5**

- 5.2 5.2.1 **A - Skeepswrakke✓**  
**B – Strukture ouer as 60 jaar✓**  
**C – Grafte ✓** (3 x 1) (3)
- 5.2.2 (a) Suid-Afrikaanse Erfenis- en Hulpbronagentskap✓  
• SAEHA (1)
- (b) Oos-Kaapse Erfenishulpbron Agentskap✓  
• OKEHA (Engels: ECHRA) (1)
- (c) SAEHA voed en lei Suid-Afrikaners op om te help om erfenishulpbronne te identifiseer. ✓✓  
Dit hou 'n inligtingsdatabasis oor die nasionale besit. ✓✓  
• Dit is verantwoordelik vir die daarstelling van nasionale beginsels, standarde en beleid vir die identifikasie, rekordhouding en bestuur van die nasionale besit.  
• Dit identifiseer erfenishulpbronne van nasionale belang.  
• Dit koördineer die funksies van provinsiale en plaaslike erfenis-utoriteite. (Enige 2 x 2) (4)
- 5.2.3 Om te verseker dat ons erfenishulpbronne vir toekomstige generasies bewaar word. ✓✓  
• Erfenishulpbronne dra by tot 'n groter begrip van tradisies en kultuur tussen verskillende groepe in ons land.  
• Erfenishulpbronne vier die prestasies van ons land en sy mense.  
• Erfenishulpbronne bied geleenthede vir navorsing oor ons tradisies en gebruik. (2)

**NOV 2019 EC****VRAAG 5**

- 5.2     5.2.1     (a)     Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap✓✓ (South African Heritage Resources Agency)  
               •     SAEHA (Eng SAHRA)    (2)
- (b)     SAEHA se rol is om Suid-Afrika se kultuurerfenis te beskerm en daarom is die kennisgewing bewys dat die organisasie hul rol vervul. ✓✓    (2)
- 5.2.2     Die terreine sal volgens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne beskerm word. ✓✓  
‘n Permit sal van SAEHA verkry moet word om enige veranderinge aan die terreine te maak. ✓✓  
•     SAEHA moet die publiek inlig oor enige veranderings aan die terreine deur ‘n kennisgewing in die Staatskoerant.  
•     Die publiek sal ‘n geleenthed gegun word om teenkanting te bied teen enige voorgestelde veranderinge aan die terreine.    (2 x 2)         (4)
- 5.2.3     Om te verseker dat hierdie terreine vir toekomstige generasies beskerm word. ✓✓  
•     Die beskerming van hierdie terreine dra by tot ‘n beter begrip van die geskiedenis, tradisies en kultuur van Kaapstad se Moslemgemeenskap.  
•     Die bewaring van hierdie terreine sal geleenthede bied vir navorsing oor die geskiedenis, tradisies en kultuur van Kaapstad se Moslemgemeenskap.    (2)